

## 31 Maart

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 2:4-10, 3:1-5; 4:19-22  
Fokusgedeelte: 2 Kronieke 2:4-6 en Romeine 12:1-2

### Aanneemlike Koningskap

Wanneer Salomo vir die Here vra om vir hom wysheid en kennis (1:10) te gee, dan hoor hy ook dat die Here vir hom sê: *“Omdat jy dit besluit het en jy nie rykdom, besittings, aansien of jou vyande se lewens gevra het nie, en ook nie ’n lang leeftyd nie, maar wysheid en kennis waarmee jy my volk oor wie Ek jou koning gemaak het, kan regeer, daarom word die wysheid en kennis aan jou geskenk. Maar Ek gee jou bowendien rykdom, besittings en aansien soos die konings voor jou nie gehad het nie en dié ná jou ook nie sal hê nie.”*

Die omvang van Salomo se rykdom word reeds vanaf 1:14 beskryf en die omvang daarvan word nog duideliker gemaak in die gedeelte tot aan die einde van hoofstuk 4. Wat is die invloed van Salomo se rykdom en aansien op sy lewe? Hoe het dit hierdie koning geraak wat die genade ontvang het om as *lewende offer* hard gewerk het daaraan om ’n stewige houvas (1:1) op sy koningskap te kry? Hoe het dit hierdie koning geraak wat die genade ontvang het om as ’n *heilige* (afgesonder vir God) *offer* niks anders te wil hê nie as wysheid en kennis om God se volk reg te regeer?

Salomo ontvang die genade om homself te gee as ’n *offer wat vir God aanneemlik is* (Rom 12:1) en die verandering in sy rykdom, besittings en aansien laat hom nie wegdraai van God nie. Hy besluit dat hy ’n tempel vir die Here wil bou. Hy weet dat niemand werklik die vermoë het om vir die Here ’n tempel te bou as die hoogste hemel self, Hom nie kan bevat nie (vs 6), maar as ’n dankbare koning stel hy dit wat Hy van God ontvang ook in die Here se diens tot eer van sy Naam. Sy besluit en optrede is getuïenis daarvan dat hy toelaat dat hy *nie aan hierdie sondige wêreld gelyk geword het nie, maar God hom laat verander het deur sy denke te vernuwe en kon hy onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is* (Rom 12:2).

Is jy ’n lewende, heilige en vir God aanneemlike offer?

Sing: Psalm 25:6 (1936)

Ds MP Fourie (Aliwal-Noord)